

20 Desember

Lukas 1:26-38

(Teks: 1:28) God se groet

'Toe die engel by haar kom, sê hy: "Ek groet jou, begenadigde!"

Alles het 'n begin. U en my lewe het êrens begin. 'n Uiteindelijke huwelik kon miskien begin het met net 'n vriendelike groet van 'n jong-man aan 'n meisie.

Die verhaal van Jesus, ons Verlosser, se geboorte het alreeds begin toe God wêér met hierdie wêreld begin praat het. Hy het sy engel Gabriël vanuit die hemel na die maagd Maria in Nasaret gestuur. En hy groet haar in die Naam van die Allerhoogste. Dit is 'n groet van God self! Wat 'n geweldige gebeurtenis! Wat 'n oorweldigende groet! Dit is God se nuwe begin in hierdie lewe wat sonde en sondaars wat nooit weer in hierdie wêreld ongedaan gemaak sou kon word nie. "Ek groet jou, begenadigde." "...God bewys genade aan jou..." Waarom? "Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring... die Seun van die Allerhoogste." Maria is die eerste begunstigde, maar ook die enigste onder al die vroue van die wêreld. Om moeder te kon wees van ons Verlosser, maar dat Hy ook die Verlosser van Sy moeder sou wees. Om gebore te word, is om as 'n totaal nuwe mensie in hierdie wêreld te kom. Dit is die begin van 'n mens wat nie voorheen in hierdie wêreld was nie. Só moes ons Here Jesus as ons Verlosser ook sy begin in óns wêreld kom maak.

Ons deel saam met Maria in God se groet van genade. God het aan ons dieselfde genade kom bewys in die geboorte van sy Seun in óns wêreld. Genade, dat Hy ons sonde vergewe. Genade, dat Hy ons ewig liefhet. Genade, dat Hy sy Heilige Gees gegee het, sodat ons tot nuwe mense weergebore kan word. Kersfees is die fees van God se begenadigdes.

Sing Psalm 98:2

Ds. P. du Plessis (Drieviersboom)